**Zitholele Consulting**
Reg. No. 2000/000392/07

Posbus 6002 Halfway House 1685
Suid-Afrika
Thandanani Park, Matuka Singel
Halfway Gardens, Midrand
Tel: +(27) 11 207 2060
Faks: +(27) 86 674 6121
E-pos: mail@zitholele.co.za

Ons Verw.: 12726-Let001-Amended FEIR1 Notification-Rev0 23 September 2013

Geagte Belanghebbende en/of Geaffekteerde Party

**OMGEWINGSIMPAKEVALUERING (OIE), AANSOEK OM WATERGEBRUIKLISENSIE (WULA) EN OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM (OBPr) VIR DIE VOORGESTELDE SONKRAG (KSK) INTEGRASIEPROJEK: Projek 1 – Sonkragsubstasie, 2 x 400 kV Kraglyne vanaf die Bestaande Aries Substasie en 1 x 400 kV Kraglyn vanaf die Bestaande Nieuwehoop Substasie (DO Verwysing: 12/12/20/2606 en NEAS Verwysing: DEA/EIA/0000785/2011)**

- **KENNISGEWING VAN DIE INDIENING VAN DIE GEWYSIGDE FINALE OMGEWINGSIMPAKEVALUERINGSVERSLAG (GEWYSIGDE FOIV) BY DIE DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE**
- **GEWYSIGDE FIOV BESKIKBAAR VIR OPENBARE BESIGTIGING EN KOMMENTAAR: MAANDAG 23 SEPTEMBER 2013 TOT WOENSDAG 23 OKTOBER 2013**

Hierdie skrywe dien as kennisgewing van die indiening van die Gewysigde FOIV vir die bogenoemde projek by die Departement van Omgewingsake (DO) op Woensdag 18 September 2013. Die Gewysigde FOIV is opgestel en ingedien ingevolge die skrywe gedateer 22 Julie 2013 (afskrif op versoek beskikbaar en ook beskikbaar op Zitholele se webwerf) wat van die DO ontvang is wat Zitholele Consulting verwittig dat die FOIV afgekeur is aangesien die DO bykomende inligting verlang alvorens hulle die OIV kan aanvaar.

Zitholele het al die versoeke wat in die DO se skrywe verskyn, sowel as die bykomende inligting, aangespreek, soos ingesluit by die Gewysigde FOIV, wat vir maklike oorsigdoeleindes in rooi teks aangebring is. Vir maklike verwysing vervat die tabel hieronder die belangrike bykomende inligting wat in die Gewysigde FOIV ingesluit is:

| BELANGRIKE PUNT | | GEWYSIGDE FOIV Verwysing |
|---|---|---|
| 1. | Toepaslikheid van die tersaaklike gelyste aktiwiteite waarvoor aansoek gedoen word | Afdeling 2.2.2 en Tabel 2-1 |
| | Aansoekvorm | Aanhangsel B |
| 2. | Spesialisstudies – Verklaring van Belang deur Spesialiste | Aanhangsel H1 |
| 3. | Beskrywing van Geïdentifiseerde Alternatiewe | Afdeling 6.1.4, 6.1.5 en 6.1.6 |
| 4. | Brei die vergelykende evaluering uit om die alternatiewe ligging vir die substasie in te sluit/aan te spreek | Hoofstuk 9 |
| 5. | Toestand van alternatiewe van voorkeur | Hoofstuk 8 en 9 |
| 6. | Beter gehalte en groter kaarte is versoek, wat alle belangrike paaie insluit | Aanhangsel M |
| 7. | Erosiebestuur | Aanhangsel L |
| 8. | Kaart van biodiversiteit-sensitiwiteit vir alle alternatiewe | Aanhangsel M |
| 9. | Oorstromingsrisiko by die Oranjerivier | Punt 7.8 |
| | Kaart wat die 1-100 jaar vloedlyne aandui | Punt 7.8.2 en Aanhangsel N |
| 10. | Verskuiwing van pad by KSK-terrein | Punt 6.1.6 |

Die bogenoemde tabel moet asseblief saamgelees word met die FOIV wat steeds by die volgende openbare plekke beskikbaar is, soos tevore gekommunikeer en geadverteer is, naamlik:

| OPENBARE PLEK | KONTAK | KONTAKNOMMER | ADRES |
|---|---|---|---|
| Kathu Plaaslike Biblioteek | Me Theodora Tsalao | 053 723 2261 | Burgersentrum, h/v Frikkie Meyer & Hendrik van Eck, Kathu |
| Olifantshoek Openbare Biblioteek | Me Ellen Visser | 053 331 0002 | Lanhamstraat, Olifantshoek |
| Upington Openbare Biblioteek | Me Inga Engelbrecht | 054 338 7000 | Mutualstraat, Upington |
| Kenhardt Openbare Biblioteek | Me JE Damon | 053 651 6303 | Parkstraat, Kenhardt |
| Kakamas Openbare Biblioteek | Me Fabie Basson | 054 431 6406 | Voortrekkerstraat, Kakamas |
| Keimoes Openbare Biblioteek | Me Yvonne Booysen | 054 461 6406 | Hoofstraat, Keimoes |

Die kommunikasie van die Gewysigde FOIV aan die geregistreerde Belangstellende en/of Geaffekteerde Partye (B&GP's) op die voorgestelde projek se databasis is met die DO ooreengekom en die proses is soos volg:

- Verwittig al die geregistreerde B&GP's op die projek se databasis van die beskikbaarheid van die Gewysigde FOIV (wat met die FOIV saamgelees moet word wat steeds by openbare plekke beskikbaar is).
- Verskaf aan alle geregistreerde B&GP's 'n opsomming van die wysigings aan die FOIV in briefformaat (sien asseblief Aanhangsel A).
- Dui vir alle B&GP's aan waar die Gewysigde FOIV aanlyn afgelaai kan word.
- Verskaf 'n elektroniese eksemplaar van die Gewysigde FOIV (op CD) aan enige B&GP wat dit versoek.
- Sorteer alle kommentaar wat van B&GP's, belanghebbendes, staatsinstansies en staatsdepartemente ontvang is.
- Stel antwoorde op vir al die kommentaar en navrae wat van B&GP's, belanghebbendes, staatsinstansies en staatsdepartemente ontvang is en stel dit beskikbaar.
- Verwittig alle B&GP's en bied hulle 'n geleentheid om die antwoorde op enige kommentaar wat op die Gewysigde FOIV ontvang is, na te gaan.
- Stel na die 30-dae oorsigtydperk 'n addendum saam van alle kommentaar wat ontvang is en antwoorde wat gegee is en dien dit by die DO in vir oorweging.

Ons wag u skriftelike kommentaar in oor die Gewysigde FOIV vir Projek 1: Sonkragsubstasie, 2 x 400 kV Kraglyne vanaf die Bestaande Aries Substasie en 1 x 400 kV Kraglyn vanaf die Bestaande Nieuwehoop Substasie.

Moet asseblief nie huiwer om met ons in verbinding te tree indien u enige verduideliking of bykomende inligting verlang nie.

Vriendelike groete

Nicolene Venter
**ZITHOLELE CONSULTING (EDMS.) BPK.**

Aanhangsel: Aanhangsel A – Opsomming van Insluitings in die Gewysigde FOIV